- In primêre dismenoree, is die aanbevole dosering 75 mg per dag as ‘n enkel dosis of verdeelde dosering, wat begin word met die begin van krampe en bloeding en voortduur vir so lank as wat die simptome gewoonlik aanhou.

Die totale gekombineerde daaglikse dosis per mond moet gewoonlik nie 200 mg oorskry nie.

Pediatriese bevolking

Die veiligheid en effektiwiteit van indometasien, soos in AMDOCIN, by kinders is nog nie vasgestel nie (sien afdeling 4.4).

Metode van toediening

Vir orale toediening.

Om die moontlikheid kleiner te maak of die moontlikheid van gastroïntestinale versteurings te verminder, word dit aanbeveel dat AMDOCIN met voedsel geneem word, met melk of ‘n teensuurmiddel.

4.3 Kontra-indikasies:

AMDOCIN word teenaangedui by:

- Pasiënte met hipersensitiwiteit vir indometasien of vir enige eksipiënte in AMDOCIN (sien afdeling 6.1).
- Pasiënte met ernstige hepatiese versaking en renale versaking (sien afdeling 4.4).
- Pasiënte met gastritis, streeksenteritis, ulseratiewe kolitis.
- Pasiënte met bloedingsafwykings.
- Pasiënte by wie akute asmatiese aanvalle, urtikarie of rinitis en nasale poliepe gepresipiteer word deur asetielsalisielsuur of ander nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (sien afdeling 4.8).
- Pasiënte op meegaande triamtereen behandeling. Die toevoeg van triamtereen tot ‘n instandhouding-skedule van AMDOCIN kan tot gevolg hê in akute renale versaking, wat omkeerbaar kan wees met die staak van behandeling. AMDOCIN en triamtereen moet nie saam toegedien word nie (sien afdeling 4.5).
- Pasiënte wat diflunisal gebruik, omdat hierdie medisyne nie saam met AMDOCIN geneem moet word nie (sien 4.5).
- Pasiënte met hartversaking, bevestigde isgemiese hartsiekte en/of serebrovaskulêre siekte (beroerte) en perifere ateriële siekte.
- Pasiënte met ‘n geskiedenis van angio-edeem na blootstelling aan NSAIMs, soos AMDOCIN en/of aspirien.
- Pasiënte wat behandeling benodig vir peri-operatiewe pynverligting in die opset van koronêre arteriese sjirurgie.
- Pasiënte met ‘n geskiedenis van gastroïntestinale perforasie, ulserasie of bloeding (PUBs) verwant aan vorige NSAIMs, insluitend AMDOCIN.

- Pasiënte met aktiewe of ’n geskiedenis van herhalende ulkusse/hemoragie/perforasies.
- Pasiënte met ‘n geskiedenis van, of huidige gastroïntestinale letsels.
- Swanger vrouens van ongeveer 30 weke swangerskap, of later in swangerskap, weens die risikos van oligohidramniose/fetale renale disfunksie en premature sluiting van fetale ductus arteriosus (sien afdelings 4.4 en 4.6).
- Laktasie (sien afdeling 4.6).

Veiligheid van AMDOCIN by kinders is nog nie vasgestel nie.

4.4. Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik:

AMDOCIN kan geneig wees tot kardiovaskulêre voorvalle, gastroïntestinale voorvalle, of kutaneuse reaksies, wat noodlottig kan wees.

Hipersensitiwiteit

Ernstige velreaksies, sommige noodlottig, insluitend medisyne uitslag met esinofilie en sistemiese simptome (DRESS), eksfoliatiewe dermatitis, Stevens-Johnson se sindroom en toksiese epidermale nekrolise (TEN) is gerapporteer (sien afdeling 4.8).

Hierdie ernstige voorvalle kan voorkom sonder waarskuwing. Pasiënte moet ingelig word omtrent die tekens en simptome van ernstige vel manifestasies.

Pasiënte wat allergies is vir salisilate, kan ‘n kruis-reaksie wys met AMDOCIN.

AMDOCIN moet gestaak word met die eerste voorkoms van veluitslag, mukosale letsels, of enige ander tekens van hipersensitiwiteit.

Pasiënte moet versigting waargeneem word om enige ongewone manifestasies van medisyne sensitiwiteit te bespeur.

Pasiënte blyk om die hoogste risiko van hierdie reaksies te hê vroeg gedurende die begin van behandeling, wanneer die meeste gevalle vir die aanvang van reaksies voorkom binne die eerste maand van behandeling.

Medisyne Uitslag met Esinofilie en Sistemiese Simptome (DRESS)

Medisyne Reaksie met Esinofilie en Sistemiese Simptome (DRESS) was gerapporteer in pasiënte wat NSAIMs neem, soos AMDOCIN. Sommige van hierdie voorvalle was noodlottig of lewensgevaarlik. DRESS kan tipies, alhoewel nie ekslusief nie, presenteer met koors, uitslag, limfadenopatie, en/of opswel van gesig. Ander kliniese manifestasies kan insluit hepatitis, nefritis, hematologiese abnormaliteite, miokarditis, of miositis. Soms kan simptome van DRESS ooreenkom met ‘n akute virale infeksie. Esinofilie is dikwels teenwoordig. Omdat hierdie afwyking veranderlik is in sy voorkoms kan ander orgaanstelstels wat nie gemeld is nie betrokke wees. Dit is belangrik om te merk dat vroeë manifestasies van hipersensitiwiteit, soos koors of limfadenopatie teenwoordig kan wees, selfs sonder duidelike uitslag. Indien sulke tekens of simptome teenwoordig is moet AMDOCIN gestaak en die pasiënt onmiddellik ge-evalueer word.

Gastroïntestinale effekte

Die risiko van gastroïntestinale bloeding of perforasie (PUBs) is hoër met verhoogde doserings van AMDOCIN, by pasiënte met ‘n geskiedenis van ulkusse en by bejaardes. Hierdie pasiënte moet behandeling begin op die laagste dosis beskikbaar.

Wanneer gastroïntestinale bloeding of ulserasie voorkom by pasiënte wat AMDOCIN ontvang, moet behandeling met AMDOCIN gestaak word.

AMDOCIN moet versigtig toegedien word aan pasiënte met ‘n geskiedenis van gastroïntestinale siekte (bv. ulseratiewe kolitis, Crohn se siekte, hiatus hernia, gastro-esofageale refluks siekte, angiodisplasie) omdat hierdie toestand erger kan word.

Kombinasie behandeling met beskermende medisynes (bv. misoprostol of protonpompremmers) moet oorweeg word vir hierdie pasiënte en ook by pasiënte wat meegaande lae dosis aspirien benodig.

Enkel of veelvuldige ulserasies, insluitend perforasie en hemoragie van die esofagus, maag, duodenum of dun- of dikderm is gerapporteer om voor te kom met AMDOCIN. Noodlottige gevalle is gerapporteer. Intestinale ulserasie was geassosieer met stenose en obstruksie (sien afdeling 4.8).

Gastroïntestinale bloeding sonder opmerklike ulkus-vorming en perforasie van voorafgaande sigmoïede letsets (divertikulum, karsinoom, ens.) het voorgekom.

Toename in abdominale pyn in pasiënte met ulseratiewe kolitis of die ontwikkeling van ulseratiewe kolitis en streeks ileïtis is gerapporteer (sien afdeling 4.8).

Hartversaking en edeem

Omsigtigheid is nodig by pasiënte met ‘n geskiedenis van kardiale disfunksie, hipertensie en/of hartversaking omdat vloeistof retensie en edeem gerapporteer is in assosiasie met AMDOCIN-behandeling, weens inhibisie van prostaglandien-sintese. Weens AMDOCIN se inherente potensiaal om vloeistofretensie te veroorsaak, kan hartversaking gepresipiteer word in sommige gekompromiteerde pasiënte.

Toepaslike monitering en advies is nodig vir pasiënte met ‘n geskiedenis van hipertensie en/of ligte tot matige kongestiewe hartversaking omdat vloeistof retensie en edeem gerapporteer is in assosiasie met NSAIM-behandeling, soos in AMDOCIN.

Hipertensie

Pasiënte met ongekontrolleerde hipertensie, kongestiewe hartversaking, bevestigde isgemiese hartsiekte, perifere arteriële siekte, en/of serebrovaskulêre siekte moet nie behandel word met indometasien nie, soos in AMDOCIN (sien afdeling 4.3).

Omsigtigheid is nodig voordat langer-termyn behandeling begin word by pasiënte met beduidende risiko faktore vir kardiovaskulêre siekte (bv. hipertensie, hiperlipidemie, diabetes mellitus, rook).

AMDOCIN kan tot gevolg hê die begin of opvlamming van hipertensie, wat beide kan bydra tot die verhoogde insidensie van kardiovaskulêre voorvalle.

Pasiënte wat tiasiede neem of lus diuretika kan ingekorte respons hê tot hierdie terapie wanneer NSAIMs gebruik word, soos in AMDOCIN. AMDOCIN moet versigtig gebruik word deur pasiënte met hipertensie. .

Bloeddruk (BP) behoort versigtig gemonitor te word gedurende die begin van NSAIM-behandeling, soos in AMDOCIN, en regdeur die tydperk van behandeling.

Kardiovaskulêre trombotiese voorvalle

AMDOCIN en ander NSAIMs kan ‘n verhoogde risiko veroorsaak van ernstige kardiovaskulêre trombotiese voorvalle, miokardiale infarksie en beroerte, wat noodlottig kan wees. Beide COX-2 selektiewe en nie-selektiewe kan ‘n soortgelyke risiko hê.

Hierdie risiko kan toeneem met die tydperk van behandeling.

Pasiënte met kardiovaskulêre siekte of risiko faktore vir kardiovaskulêre siekte kan ‘n groter risiko hê. Om die potensiële risiko vir ‘n ongunstige kardiovaskulêre voorval te verminder by pasiënte wat behandel word met AMDOCIN, moet die laagste effektiewe dosis geneem word vir die kortste tydperk moontlik.

Weens sy gebrek aan plaatjie effek is AMDOCIN nie geskik as vervanging vir aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie.

Renale inkorting

By pasiënte met renale, kardiale, hepatiese inkorting, hipertensie, hartversaking of toestande ontvanklik vir vloeistof-retensie, is omsigtigheid nodig omdat die gebruik van

NSAIMs, soos in AMDOCIN, tot gevolg kan hê die agteruitgang van renale funksie (sien afdeling 4.8). Die dosering moet so laag as moontlik gehou word en renale funksie moet gemonitor word. AMDOCIN kan ook vloeistof-retensie veroorsaak wat hierdie toestande erger kan maak.

By pasiënte met verminderde renale bloedvloei waar renale prostaglandiene ‘n groot rol speel in handhawing van renale perfusie, kan toediening van ‘n NSAIM, soos in AMDOCIN, overte renale dekompensasie presipiteer. Die toediening van ‘n NSAIM, soos in AMDOCIN, kan ‘n dosis-afhanklike afname veroorsaak in prostaglandienvorming en nierversaking presipiteer. Pasiënte met die grootste risiko van hierdie reaksie is dié met renale of hepatiese disfunksie, diabetes mellitus, gevorderde ouderdom, ekstrasellulêre volume uitputting, kongestiewe hartversaking, sepsis, of meegaande gebruik van enige nefrotoksiese medisynes.

Omsigtigheid is nodig wanneer behandeling begin word by pasiënte net dehidrasie. Pasiënte moet eers gehidreer word voordat behandeling begin word met AMDOCIN.

Omsigtigheid word ook aanbeveel by pasiënte met voorafbestaande niersiekte. AMDOCIN moet versigtig toegedien word en nierfunksie moet gemonitor word by enige pasiënt met verminderde renale reserwe (sien ook afdeling 4.3).

Staak van NSAIM-behandeling, soos in AMDOCIN, word gewoonlik gevolg deur herstel tot die voor-behandeling status.

Akute interstisiële nefritis met hematurie, proteïenurie, en soms nefrotiese sindroom kan voorkom by pasiënte wat langtermyn toediening van AMDOCIN ontvang. Omdat indometasien, soos in AMDOCIN, hoofsaaklik uitgeskei word deur die niere, moet pasiënte met beduidende ingekorte renale funksie nie behandel word met AMDOCIN nie (sien afdeling 4.3).

Toenames in plasma-kaliumkonsentrasie, insluitend hiperkalemie, kan voorkom selfs in sommige pasiënte sonder renale inkorting. By pasiënte met normale renale funksie, was hierdie effekte toegeskryf aan ‘n hipo-reninemiese - hipo-aldesteronisme staat.

Hepatiese inkorting

AMDOCIN kan ‘n toename in lewerensieme veroorsaak. Beduidende (3 keer die boonste limiet van normaal) verhogings van ALT (SGPT) of AST (SGOT) in gekontrolleerde kliniese studies is gerapporteer in minder as 1 % van pasiënte wat behandeling ontvang met NSAIMs, soos AMDOCIN.

‘n Pasiënt met simptome en/of tekens wat lewerdisfunksie suggereer, of by wie ‘n abnormale lewertoets voorgekom het, moet ge-evalueer word vir bewyse vir ontwikkeling van meer ernstige hepatiese reaksies terwyl hulle op behandeling is met AMDOCIN.

Indien abnormale lewertoetse aanhou of agteruitgaan, indien kliniese tekens en simptome ooreenstemmend met lewersiekte ontwikkel, of indien sistemiese manifestasies voorkom (bv. esinofilie, uitslag, ens), moet behandeling gestaak word.

Gebruik gedurende swangerskap

Beperk die gebruik van NSAIMs, insluitend AMDOCIN, tussen 20 en 30 weke van swangerskap weens die risiko van oligohidramnios/fetale renale disfunksie. Vermy gebruik van NSAIMs, soos AMDOCIN, by vrouens van ongeveer 30 weke swangerskap en later gedurende swangerskap, weens die risikos van oligohidramnios/fetale renale disfunksie en premature sluiting van die fetale ductus arteriosus (sien afdelings 4.3 en 4.6).

Hierdie ongunstige gevolge word gemiddeld waargeneem dae tot weke na begin van behandeling, alhoewel oligohidramnios soms gerapporteer word so gou as 48 uur na ‘n

NSAIM, soos in AMDOCIN. Oligohidramnios is dikwels, maar nie altyd nie, omkeerbaar met die staak van behandeling. Komplikasies van verlengde oligohidramnios kan insluit ledemate kontraktuur en vertraagde long-maturasie. In sommige na-bemarking gevalle van ingekorte neonatale renale funksie, was indringende prosedures soos ruil-transfusie of dialise benodig.

Indien AMDOCIN nodig is tussen 20 weke en 30 weke swangerskap beperk AMDOCIN gebruik tot die laagste effektiewe dosis en kortste tydperk moontlik.

Gesondheidsorg professionele persone moet 'ultraklank' monitering van amniotiese vloeistof oorweeg indien AMDOCIN-behandeling langer is as 48 uur. Staak AMDOCIN indien oligohidramnios voorkom en volg op volgens kliniese praktyk.

Vroulike fertiliteit

AMDOCIN kan 'n omkeerbare inhiberende effek hê op 'n vrou se ovulasie. Die gebruik van AMDOCIN kan vroulike fertiliteit inkort en word nie aanbeveel by vrouens wat swangerskap beplan nie. By vrouens wat probleme het om swanger te word of wie ondersoeke ondergaan vir infertiliteit, moet onttrekking van AMDOCIN oorweeg word (sien afdeling 4.8).

SLE en gemengde bindweefsel-siekte

In pasiënte met sistemiese lupus erythematosus (SLE) en gemengde bindweefsel-afwykings kan daar 'n verhoogde risiko wees van aseptiese meningitis.

Medikasie oorgebruik hoofpyn (MOH)

Na langtermyn behandeling met analgetiese middels, kan medikasie-oorgebruik hoofpyn (MOH) ontwikkel of agteruitgaan. MOH moet vermoed word by pasiënte wat dikwelse of daaglike hoofpyne het, ten spyte van (of weens) gereëlde gebruik van analgetiese middels. Pasiënte met MOH moet nie behandel word deur die dosis te

verhoog nie. In sulke gevalle van die gebruik van analgetiese middels gestaak word in konsultasie met ‘n dokter.

Okulêre effekte

Korneale aanpaksel en retinale versteurings, insluitend die van die makula, is waargeneem by pasiënte wat verlengde behandeling ontvang het met AMDOCIN.
In pasiënte met rumatoïede artritis, kan oog-veranderings voorkom wat verwant kan wees aan die onderliggende siekte of met die behandeling. In chroniese rumatoïede siekte word oftalmologiese ondersoeke by periodieke intervalle aanbeveel, behandeling moet gestaak word indien oog-veranderinge waargeneem word.
Dowwe visie kan ‘n beduidende simptoom wees en regverdig ‘n deeglike oftalmologiese ondersoek. Omdat hierdie veranderinge asimptomaties kan wees is oftalmologiese ondersoek by periodieke intervalle wenslik by pasiënte waar behandeling verleng word.
Staak behandeling indien oogveranderinge waargeneem word.
Verlengde behandeling sal gereëlde oftalmologiese ondersoeke benodig.

Plaatjie-aggregasie

AMDOCIN kan plaatjie-aggregasie inhibeer. Hierdie effek verdwyn gewoonlik binne 24 uur na die staak van AMDOCIN. AMDOCIN het gewys om bloedingstyd te verleng (maar binne die normale omvang) by normale volwassenes. Omdat hierdie effek erger kan wees by pasiënte met onderliggende homeostatiese defekte, behoort AMDOCIN gebruik te word by persone met koagulasie defekte (sien afdeling 4.5).

Respiratoriese afwykings

Versigtigheid is nodig wanneer AMDOCIN toegedien word aan pasiënte met, of wat ‘n vorige geskiedenis het, van brongiale asma, omdat NSAIMs, soos in AMDOCIN, gerapporteer word om brongospasma te presipiteer by sulke pasiënte.

Sentrale senuweestelsel effekte

Hoofpyn, soms vergesel deur duiseligheid of lighoofdigheid kan voorkom, gewoonlik vroeg gedurende behandeling met AMDOCIN.

Deur behandeling te begin met ‘n lae dosis en geleidelik te verhoog kan die insidensie van hoofpyn verminder word. Hierdie simptome kan verdwyn met voortgesette behandeling of met afname in dosering. Indien hoofpyn voortduur ten spyte van doseringsafname, moet AMDOCIN onttrek word.

Infeksies

AMDOCIN kan tekens en simptome maskeer wat gewoonlik infektiewe siekte vergesel.

AMDOCIN moet versigtig gebruik word by pasiënte met voorafbestaande, maar gekontroleerde infeksie.

Versigtigheid word aanbeveel met meegaande gebruik van ‘n lewendige vaksiene.

Anemie

Pasiënte moet periodiek waargeneem word vir vroeë opsporing van enige ongewenste effekte op perifere bloed (anemie), lewerfunksie of gastroïntestinale traktus.

Algemeen

AMDOCIN moet versigtig gebruik word by pasiënte met psigiatriese afwykings, epilepsie of Parkinsonisme, omdat indometasien, soos in AMDOCIN, hierdie afwykings erger kan maak.

Porfirie

Veiligheid is nog nie vasgestel nie.

Bejaardes

Bejaardes het ‘n verhoogde frekwensie van ongunstige reaksies tot NSAIMs, insluitend met AMDOCIN, veral gastroïntestinale bloeding en perforasie (PUBs), wat noodlottig kan wees. ‘n Toename in ouderdom verhoog die moontlikheid van newe-effekte. AMDOCIN moet met meer omsigtigheid gebruik word by bejaardes.

Pediatriese bevolking

Die veiligheid en effektiwiteit van AMDOCIN is nog vasgestel by kinders nie (sien afdeling 4.3).

Indien AMDOCIN nie verligting gee binne 2 tot 3 weke nie, moet alternatiewe behandeling oorweeg word.

AMDOCIN bevat laktose:

AMDOCIN bevat laktose wat ‘n effek kan hê op die glisemiese kontrole van pasiënte met diabetes mellitus.

Pasiënte met rare oorerflike toestande van galaktose intoleransie, totale laktase-tekort of glukose-galaktose wanabsorpsie, moet nie AMDOCIN gebruik nie.

4.5. Interaksie met ander medisynes en ander vorms van interaksie

Diflunisal

Wanneer diflunisal en AMDOCIN saam toegedien word, verminder die renale opruiming van AMDOCIN en die plasma-konsentrasie neem toe en die gekombineerde gebruik kan tot gevolg hê in noodlottige gastroïntestinale hemoragie.

Die kombinasie moet nie gebruik word nie (sien afdeling 4.3).

Asetielsalisielsuur

Die toediening van anti-inflammatoriese doserings van aspirien verminder AMDOCIN bloed-konsentrasies met ongeveer 20 %.

AMDOCIN inhibeer plaatjie-aggregasie maar is nie ‘n substituut vir aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie.

Daar is geen konsekwente bewys dat meegaande gebruik van aspirien die verhoogde risikos van ernstige kardiovaskulêre trombotiese voorvalle geassosieer met AMDOCIN mitigeer nie.

Die meegaande gebruik van AMDOCIN met aspirien of ander salisilate word nie aanbeveel nie. Gekombineerde gebruik van AMDOCIN en aspirien gee nie enige groter terapeutiese effek as die gebruik van AMDOCIN nie. Ook word die insidensie van gastroïntestinale newe-effekte beduidend verhoog met gekombineerde behandeling.

NSAIMs

Die gebruik van twee of meer NSAIMs saam kan tot gevolg hê in die toename in newe-effekte en moet dus vermy word.

Teensuurmiddels

Die biobeskikbaarheid van indometasien, soos in AMDOCIN, kan afneem deur meegaande teensuurmiddel-behandeling.

Probenesied

Wanneer indometasien, soos in AMDOCIN, toegedien word aan pasiënte wat probenesied ontvang, is dit moontlik dat die plasmavlakke van indometasien, soos in AMDOCIN, kan toeneem.

Dus kan ‘n laer totale daaglikse dosis van indometasien, soos in AMDOCIN, ‘n voldoende terapeutiese effek gee. Wanneer toenames in die dosering van indometasien, soos in AMDOCIN, gedoen word onder hierdie omstandighede, moet dit versigtig gebeur en in klein inkremente.

Antikoagulante

AMDOCIN kan effekte van antikoagulante, soos warfarien, laat toeneem.

Pasiënte moet versigtig waargeneem word vir veranderinge van protrombientyd wanneer indometasien, soos in AMDOCIN, toegedien word saam met antikoagulante.

Omsigtigheid is nodig wanneer indometasien, soos in AMDOCIN, en antikoagulante saam toegedien word.

Meegaande toediening van orale antikoagulant-medisynes het tot gevolg ‘n verhoogde risiko van gastroïntestinale bloeding.

Kortikosteroïede

Verhoogde risiko van gastroïntestinale ulserasie of bloeding (PUBs). In ‘n pasiënt wat meegaande kortikosteroïede ontvang, is ‘n afname in dosering van hierdie moontlik, maar moet slegs stadig gedoen word onder toesig.

Anti-plaatjie medisynes

Toename in risiko van gastroïntestinale bloeding.

Indometasien, soos in AMDOCIN, kan plaatjie-aggregasie inhibeer, ‘n effek wat verdwyn binne 24 uur na onttrekking; die bloedingstyd kan verleng word en hierdie effek kan erger wees by pasiënte met ‘n onderliggende hemostatiese defek (sien afdeling 4.4).

Antidepressante/selektiewe serotonien heropname inhibeerders (SSRIs)

Verhoogde risiko van bloeding.

Antidiabetiese middels

Die hipoglisemiese effek van sulfonielureums kan verhoog word met NSAIMs, soos AMDOCIN.

Metotreksaat

Omsigtigheid is nodig met meegaande gebruik van indometasien, soos in AMDOCIN, met metotreksaat. Indometasien, soos in AMDOCIN, was gerapporteer om die tubulêre sekresie te laat afneem van metotreksaat en daardeur die metotreksaat toksisiteit te potensieer.

Ernstige interaksies is gerapporteer met die gebruik van hoë doserings van metotreksaat met indometasien, soos in AMDOCIN.

Siklosporien

Toediening van NSAIMs soos AMDOCIN, saam met siklosporien was geassosieer met ‘n toename in siklosporien-geïnduseerde toksisiteit, moontlik weens verminderde sintese van renale prostasiklien. Indometasien, soos in AMDOCIN, moet versigtig gebruik word by pasiënte wat siklosporien neem en renale funksie moet versigtig gemonitor word.

Litium

Verminderde eliminasie van litium: Indometasien, soos in AMDOCIN, inhibeer prostaglandien-sintese en kan dus plasma-litiumvlakke verhoog en verminder litium-opruiming in pasiënte met vaste vlak plasma-litiumkonsentrasies. By die aanvang van sulke gekombineerde behandeling, moet plasma-litiumkonsentrasie meer dikwels gemonitor word.

Antihipertensiewe middels

Verminderde antihipertensiewe effek: AMDOCIN kan akuut die antihipertensiewe effek verminder van antihipertensiewe middels, gedeeltelik weens die hihibisie van prostaglandien sintese van indometasien, soos in AMDOCIN. Pasiënte wat meegaande behandeling ontvang moet die antihipertensiewe effek van hulle behandeling weer laat

vasstel. Dus is omsigtigheid nodig wanneer die toevoeging van indometasien, soos in AMDOCIN, oorweeg word tot die regimen van ‘n pasiënt wat enige van die volgende antihipertensiewe medisynes neem:

• alfa-adrenergiese blokker-medisynes,

• AOE-inhibeerders,

• beta-adrenergiese blokker-medisynes,

• angiotensien-2-reseptor antagoniste,

• hidralasien of nifedipien.

‘n Verhoogde risiko van hiperkalemie is ook gerapporteer wanneer NSAIMs, soos in AMDOCIN, geneem word met AOE-inhibeerders.

Fenitoïen

AMDOCIN kan die effekte van fenitoïen laat toeneem.

Antipsigotiese middels

Toename in lomerigheid is gerapporteer met meegaande gebruik van AMDOCIN en haloperidol.

Antivirale middels

Daar is ‘n verhoogde risiko van hematologiese toksisiteit wanneer NSAIMs, soos in AMDOCIN, toegedien word met sidovudien. Daar is bewys van ‘n verhoogde risiko van hemartrose en hematoon in MIV(+) hemofilie pasiënte wat meegaande behandeling ontvang met sidovudien en ibuprofeen. Daar is ‘n risiko vir indometasien toksisiteit met meegaande gebruik van AMDOCIN met ritonavir en moet dus vermy word.

Vals negatiewe resultate in die deksametasoon onderdrukkingstoets is gerapporteer by pasiënte met AMDOCIN.

Diuretiese middels

AMDOCIN antagoniseer die natriuretiese en antihipertensiewe effekte van furosemied, die antihipertensiewe effekte van tiasied diuretika, ß-adrenergiese blokker-medisynes, of inhibeerders van angiotensien-omskakeling-ensiem kan ook afneem. Dus wanneer AMDOCIN en diuretiese middels saam geneem word, moet die pasiënt noukeurig gemonitor word om te bepaal of die verlangde effek van die diuretiese produk verkry word.

Omkeerbare akute renale versaking geassosieer met die meegaande toediening van indometasien, soos in AMDOCIN, en triamtereen is gerapporteer. Indometasien, soos in AMDOCIN, en triamtereen moet nie saam toegedien word nie.

Die risiko van akute renale ontoereikendheid, wat gewoonlik omkeerbaar is, kan toeneem met gekomprommiteerde renale funksie (bv. gedehidreerde pasiënte of bejaarde pasiënte) wanneer angiotensien II reseptor antagoniste gekombineer word met NSAIMs, soos AMDOCIN. Dus moet die kombinasie versigtig toegedien word, veral by bejaardes. Pasiënte moet voldoende gehidreer word en oorweging moet gegee word aan monitering van renale funksie na begin van meegaande behandeling en periodiek daarna.

Diuretiese middels kan die risiko van nefrotoksisiteit van NSAIMs, soos in AMDOCIN, laat toeneem.

In pasiënte met gekompromitteerde renale funksie (bv. by bejaardes of pasiënte met volume uitputting, insluitend die op diuretiese behandeling) wat behandel was met NSAIMs, soos AMDOCIN, insluitend selektiewe siklo-oksigenase-2 inhibeerders, kan die meegaande toediening van angiotensien II reseptor antagoniste of AOE-reseptor antagoniste of AOE-inhibeerders tot gevolg hê in verdere agteruitgang van renale funksie, insluitend moontlike akute renale skade (nierversaking). Hierdie effekte is

gewoonlik omkeerbaar. Dus moet die kombinasie versigtig toegedien word by pasiënte met gekomprommiteerde renale funksie.

Beid indometasien, soos in AMDOCIN, en kalium-sparende diuretiese middels kan geassosieer word met ‘n toename in serumkaliumvlakke. Die potensiële effekte van indometasien, soos in AMDOCIN, en kalium-sparende diuretiese middels op kalium kinetika en renale funksie moet oorweeg word wanneer hierdie medisynes saam toegedien word. Meeste van die bogemelde effekte verwant aan diuretiese middels was toegeskryf ten minste gedeeltelik, aan meganismes met betrokkenheid tot inhibisie van prostaglandien sintese in indometasien, soos in AMDOCIN.

Kardiale glikosiede/digoksien

Wanneer AMDOCIN toegedien was saam met digoksien, is toename in serumkonsentrasie en verlengde halfleeftyd van digoksien gerapporteer. Dus wanneer indometasien, soos in AMDOCIN, en digoksien saam gebruik word, moet plasma-digoksienvlakke noukeurig gemonitor word.

NSAIMs, soos AMDOCIN, kan hartversaking laat agteruitgaan, GFR laat afneem en plasma-digoksienvlakke verhoog.

Fenielpropanolamien

Hipertensiewe krisis is gerapporteer weens orale fenielpropanolamien en tot fenielpropanolamien toegedien saam met indometasien, soos in AMDOCIN.

Hierdie additiewe effek is moontlik gedeeltelik weens inhibisie van prostaglandien sintese deur indometasien, soos in AMDOCIN, en kan water-intoksikasie tot gevolg hê.

Omsigtigheid is nodig wanneer indometasien, soos in AMDOCIN, en fenielpropanolamien saam toegedien word.

Desmopressien

Effek word gepotensieer deur indometasien, soos in AMDOCIN, en kan tot gevolg hê in water-intoksikasie.

Mifepristoon

NSAIMs, soos AMDOCIN, en aspirien moet vermy word tot ten minste 8 tot 12 dae na toediening van mifepristoon omdat NSAIMs, soos AMDOCIN, die effek kan verminder van mifepristoon.

Kinoloon antibiotika

Meegaande gebruik van fluorokinolone en indometasien, soos in AMDOCIN kan konvulsies induseer in pasiënte met of sonder ‘n geskiedenis van konvulsies/siekte aanvalle.

Spierverslappers

Meegaande gebruik van NSAIMs, soos in AMDOCIN, en baklofen kan baklofen toksisiteit induseer weens tempo van ekskresie.

Pentoksifillien

Moontlike verhoogde risiko van bloeding wanneer geneem word met NSAIMs, soos in AMDOCIN.

Takrolimus

Moontlike verhoogde risiko van nefrotoksisiteit wanneer NSAIMs, soos AMDOCIN, toegedien word met takrolimus.

Tiludroniese suur

Die biobeskikbaarheid van tiludroniese suur word verhoog deur indometasien, soos in AMDOCIN.

Laboratoriumtoetse

Vals-negatiewe resultate in die deksametasoon onderdrukking-toets (DST) in pasiënte wat behandel was met indometasien, soos in AMDOCIN, is gerapporteer. Dus moet resultate van die DST versigtig geinterpreteer word in hierdie pasiënte (sien afdeling 4.8)

4.6. Fertiliteit, swangerskap en laktasie

Die gebruik van AMDOCIN is teenaangedui in swangerskap en laktasie (sien afdeling 4.3).

Swangerskap

Eerste trimester

Inhibisie van prostaglandien sintese kan die swangerskap ongunstig beïnvloed en/of die embrio/fetale ontwikkeling.

Data van epidemiologiese studies suggereer ‘n verhoogde risiko van miskraam en van kardiale misvorming en gastroschisis na gebruik van ‘n prostaglandien sintese inhibeerder, soos AMDOCIN, in vroeë swangerskap. Die absolute risiko vir kardiovaskulêre misvorming was verhoog van minder as 1 % op tot ongeveer 1,5 %. Die risiko word geglo om toe te neem met dosering en tydperk van terapie.

In diere het die toediening van ‘n prostaglandien sintese inhibeerder gewys om verhoogde pre- en post-inplant verlies en embrio-fetale sterfte tot gevolg te hê. Addisioneel was verhoogde insidente van verskillende misvormings, insluitend kardiovaskulêr, gerapporteer by diere wat prostaglandien sintese inhibeerder toegedien was gedurende die organogenetiese periode.

Tweede en derde trimester

Gedurende die derde trimester van swangerskap met alle prostaglandien sintese inhibeerders

• kan die fetus blootstel aan:

- kardiopulmonêre toksisiteit (met premature sluiting van die ductus arteriosus en pulmonêre hipertensie);
- renale disfunksie, wat kan voortgaan tot renale versaking met oligohidramnios.

• kan die moeder en die neonaat blootsel, aan die einde van swangerskap aan:

- moontlike verlenging van bloedingstyd, ‘n anti-sameklomping effek wat kan voorkom selfs by baie lae doserings.
- inhibisie van uteriene sametrekkings met gevolglike vertraging of verlengde kraam.

Weens hierdie risikos, moet die gebruik van AMDOCIN, die dosering en tydperk, tussen 20 en 30 weke van swangerskap beperk en vermy word teen ongeveer 30 weke van swangerskap of later gedurende swangerskap (sien afdelings 4.3 en 4.4).

Borsvoeding

Indometasien, soos in AMDOCIN, word uitgeskei in borsmelk. Moeders wat hulle kleuters borsvoed moet nie behandel word met AMDOCIN nie (sien afdeling 4.3).

Fertiliteit

Die gebruik van AMDOCIN kan vroulike fertiliteit beïnvloed en word nie aanbeveel by vrouens wat probeer om swanger te raak nie. In vrouens wat probleme het om swanger te raak of wat ondersoeke ondergaan vir fertiliteit, moet behandeling met AMDOCIN gestaak word (sien afdeling 4.4).

4.7. Effekte op vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik

AMDOCIN het groot invloed op die vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik. AMDOCIN kan ‘n invloed hê op bestuur en die gebruik van masjinerie, omdat dit duiseligheid, lomerigheid, visuele versteurings en hoofpyne kan veroorsaak. Pasiënte

wat behandel word met AMDOCIN moenie bestuur of masjinerie gebruik nie totdat hulle bewus is tot watter mate hulle beïnvloed word deur AMDOCIN (sien afdeling 4.8).

4.8. Ongewenste effekte

a) Opsomming van die veiligheidsprofiel

Die mees algemene newe-effekte is gastroïntestinale versteurings, hoofpyn en duiseligheid. Gastroïntestinale perforasie, ulserasie en bloeding, soms noodlottig, kan voorkom.

Sistem orgaan klas	**Dikwels**	**Minder dikwels**	**Frekwensie onbekend** (kan nie bereken word van die data beskikbaar nie)
Infeksies en infestasies		Fulminante nekrotiserende fasiitis[1].	
Neoplasme benigne, maligne en ongespesifiseer (insluitend kiste en poliepe)			Leukemie.
Bloed- en die limfatiese sisteem-afwykings		Neutropenie, hemolitiese anemie, trombositopenie, agranulositose, leukopenie, aplastiese anemie,	

		purpura, puntbloeding of eggimose, beenmurg-onderdrukking, g e dissemineerde intravaskulêre koagulasie [2].	
Immuunstelsel-afwykings		Akute anafilakse.	Allergiese reaksies, anafilakse, veluitslag, jeuk, urtikarie, pruritus, purpura, angio-edeem, erythema multiforme, akute asma, agteruitgang van asma, rinitis[3].
Endokrien-afwykings			Hiperglisemie.
Metabolisme en voedings-afwykings			Hiperkalemie.
Psigiatriese afwykings	Hallusinasies, verwarring,	Depressie.	

	angstigheid, depersonalisering[4].		
Senuweestelsel-afwykings	Hoofpyn, duiseligheid, lighoofdigheid.	Lomerigheid, insomnie, vertigo, uitputting (malaise en lusteloosheid), sinkopie, konvulsies, koma, perifere neuropatie, disartrie, epilepsie, parkinsonisme, onwillekeurige spier-beweging, spier-swakheid.	Aseptiese meningitis[5], agteruitgang van epilepsie en parkinsonisme, parestesie[4],
Oogafwykings		Dowwe visie, visuele versteurings, optiese neuritis, orbitale en peri-orbitale pyn.	Korneale donkerheid, visuele veld-veranderinge, bleekheid van die optiese skyf.
Oor- en labirint-afwykings			Tinnitus. gehoor-versteurings, doofheid.
Kardiale afwykings		Miokardiale infarkt, kardiovaskulêre	Perifere edeem,

		trombotiese voorvalle.	kardiale versaking, tagikardie, disritmie, hartkloppings, kongestiewe hart - versaking, borspyn.
Vaskulêre afwykings			Hipertensie, blosing, hipotensie, tromboflebitis.
Respiratoriese, torakale en mediastinale afwykings		Epistaksis akute respiratories distres, skielike dispnee, asma, pulmonêre edeem.	Pulmonêre esinofilie, brongospasma.
Gastroïntestinale afwykings	Epigastriese distres, abdominale wond[6]	Akute pankreatitis, streeks ileitis, anoreksie, ulserasie[6]	Peptiese ulkus, perforasie GI, bloeding, naarheid, braking, abdominale pyn, diarree, winderigheid, hardlywigheid, dispepsie, melena, hematemese, ulseratiewe stomatitis,

			opvlamming van kolitis en Crohn se siekte, gastritis.
Hepatobiliêre afwykings	Hepatitis, geelsug.		Cholestase, abnormale lewer-funksie[7].
Vel- en subkutaneuse weefselafwykings	Eriteem, angiitis, fotosensitiwiteit.	Eksfoliatiewe dermatitis.	Bulleuse reaksies, insluitend Stevens-Johnson se sindroom en toksiese epidermale nekrolise, Medisyne Uitslag met Esinofilie en Sistemiese Sindroom (DRESS), angioneurotiese edeem, alopesie, sweet, opvlamming van psoriase.

Muskuloskeletale en bindweefsel-afwykings			Spierswakheid, versnelling van kraakbeen-degenerasie
Renale en urinêre afwykings		Glikosurie, urinêre frekwensie	Hematurie, nier-versaking8.
Reproduktiewe stelsel en bors-afwykings			Vaginale bloeding, borsveranderinge insluitend vergroting, teerheid of ginekomastie.
Algemene afwykings en toe-dieningsitus toestande			Massatoename, edeem.
Ondersoeke	BUN verhoging.	'n Vinnige val in bloeddruk gelykend tot 'n skok-tipe staat, vals-negatiewe resultate in die deksametasoon onderdrukkingtoets (DST).	

a) Beskrywing van geselekteerde ongunstige reaksies

[1]Infeksies en infestasies

Fulminante nekrotiserende fassiitis, veral in assosiasie met Groep A β-hemolitiese streptokokkus.

[2]*Bloed- en die limfatiese stelselafwykings*

Bloed-diskrasie kan voorkom, insluitend leukopenie, petegia of eggimose, purpura, aplastiese en hemolitiese anemie, agranulositose, beenmurg-onderdrukking, gedissemineerde intravaskulêre koagulasie en trombositopenie. Pasiënte kan anemie ontwikkel sekondêr tot duidelike toepaslike bloed-bepalings word aanbeveel.

Plaatjie-funksie word ingekort deur AMDOCIN.

[3]*Immuunstelselafwykings*

Hipersensitiwiteitsreaksies manifesteer in veluitslag, jeuk, urtikarie en meer ernstige, akute aanvalle van asma.

Hipersensitiwiteitsreaksies (a) nie-spesifieke allergiese reaksies en anafilakse, (b) asemhalingskanaal reaktiwiteit van asma, agteruitgang van asma, brongospasma of dispnee, rinitis (sien afdeling 4.3) of (c) verskillende velafwykings, insluitend uitslag van verskillende tipes, pruritus, urtikarie, purpura, angio-edeem en eksfoliatiewe en bulleuse reaksies, insluitend Stevens-Johnson se sindroom, toksiese epidermale nekrolise en erythema multiforme.

[4]*Psigiatriese afwykings*

Geestesverwarring, angstigheid, psigiese versteurings soos verontpersoonliking, psigotiese episodes, parestesie; agteruitgang van psigiatriese versteurings.

Senuweestelselafwykings

Ernstige frontale hoofpyn kan voorkom by pasiënte wat AMDOCIN gebruik vir lang tydperke. [5]Aseptiese meningitis, (veral by pasiënte met bestaande outo-immuun

afwykings, soos sistemiese lupus erythematosus of gemengde bindweefsel-siekte) met simptome soos stywe nek, hoofpyn, naarheid, braking, koors of disoriëntasie, depressie, vertigo, uitputting, malaise, disartrie, koma, serebrale edeem, senuweeagtigheid, verwarring, angstigheid en ander psigiatriese versteurings, hallusinasies, lomerigheid, konvulsies en agteruitgang van epilepsie en parkinsonisme, perifere neuropatie, parestesie, onwillekeurige bewegings en insomnie.

[6]*Gastroïntestinale afwykings*

Abdominale laserasie, enkel of veelvuldig, van esofagus; maag, duodenum of dun- of dikderm, insluitend perforasie en hemoragie. Ulserasie by enige punt in die gastroïntestinale kanaal (selfs met gevolglike stenose en obstruksie), bloeding (selfs sonder opmerklike ulserasie of van ‘n divertikulum) en perforasie van voorafbestaande sigmoïed letsels (soos divertikulum of karsinoom), het abdominale pyn of opvlamming van die toestand by pasiënte met ulseratiewe kolitis intestinale vernouings en streeks-gastritis.

[7]*Hepato-biliêre afwykings*

Grenslyn verhogings van een of meer lewertoetse kan voorkom en beduidende verhogings van ALT (SGPT) of AST (SGOT),

[8]*Renale en urinêre afwykings*

Nefrotoksisiteit in verskillende vorms, insluitend interstisiële nefritis, nefrotiese sindroom, renale versaking, renale ontoereikendheid, proteïenurie.

Rapporteer van vermoedelike ongunstige reaksies

Rapporteer van vermoedelike ongunstige reaksies na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit laat toe vir volgehoue monitering van die voordeel/risiko balans van die

medisyne. Gesondheidsorgvoorsieners word versoek om enige vermoedelike ongunstige reaksies te rapporteer aan: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9. Oordosering Simptome

Simptome sluit in hoofpyn, naarheid, braking, dispepsie, epigastriese pyn, ulserasie en/of gastroïntestinale bloeding, diarree, disoriëntasie, prikkeling, koma, lomerigheid, duiseligheid, tinnitus, floute, soms konvulsies, abdominale pyn, anoreksie, rusteloosheid en opgewondenheid, vertigo en gastroïntestinale irritasie, met gevolglike peptiese ulserasie, dikwels met bloeding en akute pankreatitis. In gevalle van beduidende vergiftiging is nierskade (akute nierversaking) en lewerskade moontlik.

Behandeling

In akute vergifting moet die maag geledig word deur emese te induseer of deur aspirasie en uitspoeling.

Bloed-elektroliet balans moet gehandhaaf word.

Binne een uur na inname van ‘n potensiële toksiese hoeveelheid, moet geaktiveerde houtskool oorweeg word. Goeie uriene uitset moet verseker word. Renale en lewerfunksie moet versigtig gemonitor word. Pasiënte moet waargeneem word vir ten minste vier uur na inname van potensiële toksiese hoeveelhede. Dikwelse of verlengde konvulsies moet behandel word met intraveneuse diasepam. Ander maatreëls kan aangedui word volgens die pasiënt se kliniese toestand.

Behandeling is ondersteunend en simptomaties.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1. Farmakodinamiese eienskappe

Kategorie en Klas: A 3.1 Antirumatiek (anti-inflammatoriese middels)

Farmakoterapeutiese groep: Anti-inflammatoriese en antirumatiek produkte, nie-steroïede, asetiese suur derivative en verwante substanse.

ATC kode: M01AB01

Werkingsmeganisme

Indometasien het analgetiese, anti-inflammatoriese en antipiretiese eienskappe.

Soos die salisilate en verwante anti-inflammatoriese medisynes, inhibeer indometasien die biosintese van prostaglandiene; hierdie werking kan die basis wees van sy anti-inflammatoriese en antipiretiese eienskappe en sekere van sy ander effekte. Daar indometasien ‘n inhibeerder is van prostaglandien sintese, kan sy wyse van werking wees weens ‘n afname van prostaglandiene in perifere weefsels. Dit inhibeer motiliteit van polimorfonukleêr leukosiete en soos salisilate, ontkoppel dit oksidatiewe fosforilasie in supraterapeutiese konsentrasies en onderdruk die biosintese van mukopolisaggariedes.

Indometasien verskaf verligting van simptome; dit verander nie die koers van die onderliggende siekte nie.

5.2. Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie

Na ‘n enkel orale dosis, word indometasien geredelik geabsorbeer vanuit die

gastroïntestinale kanaal en bereik piek plasma-konsentrasies van ongeveer 1 en 2 mkg/mL, respektiewelik, by ongeveer 2 uur. Indometasien oraal toegedien is omgeveer 100 % biobeskikbaar, met 90 % van die dosis geabsorbeer binne 4 uur.

Distribusie

Indometasien is in plasma as die moedersamestelling en sy dimetiel, desbensoïel en desmetiel-desbensoïel metaboliete, in die ongekonjugeerde vorm. Ongeveer 60 % van ‘n orale dosering word herwin in uriene as medisyne en metaboliete (26 % as indometasien en sy glukuronied) en 33 % word herwin in fesies (1,5 % as indometasien).

Piek plasma-konsentrasies word bereik ongeveer 2 uur na ‘n dosering. Ongeveer 99 % van indometasien is gebonde aan plasma-proteïene en indometasien word versprei in die sinoviale vloeistof, die sentrale senuweestelsel en die plasenta. Lae konsentrasies kan waargeneem word in borsmelk.

Biotransformasie

Gelyke fraksies van indometasien word uiteindelik geabsorbeer na IM of orale toediening. Indometasien word egter vinniger geabsorbeer na IM toediening met piek plasmavlakke wat waargeneem word een uur vinniger as na orale toediening.

Eliminasie

Indometasien word uitgeskei via renale ekskresie, metabolisme en biliêre ekskresie. Indometasien ondergaan merkbare enterohepatiese sirkulasie. Die gemiddelde halfleeftyd van indometasien word bereken om ongeveer 4,5 uur te wees. Met ‘n tipiese

terapeutiese regimen van 25 of 50 mg drie keer per dag, is die vaste vlak plasmakonsentrasies van indometasien gemiddeld 1,4 keer van dié na die eerste dosis.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1. Lys van eksipiënte

Laktose, mieliestysel, mikrokristallyn sellulose, natriumstysel glikolaat.

Harde gelatien kapsule, met 'n geel doppie en romp:

Kinolien geel, "sunset" geel, titaniumdioksied.

6.2. Onverenigbaarhede

Nie van toepassing nie

6.3. Rakleeftyd

24 maande.

6.4. Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Berg by of benede 25 °C.

Beskerm teen lig en vog.

Hou in oorspronklike verpakking totdat dit benodig word vir gebruik.

HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS.

6.5. Aard en inhoud van houer

Aluminiumfoelie/PVC film stolpstrokie met 15 kapsules en 'n voubiljet in 'n gedrukte karton.

4 Aluminiumfoelie/PVC film stolpstrokie met 21 kapsules en 'n voubiljet in 'n gedrukte karton.

Bottels bevattende 100, 500 en 1 000 kapsules.

Nie alle pakgroottes sal bemark word nie.

6.6. Spesiale voorsorgmaatreëls vir weggooi en ander hantering

Geen spesiale vereistes nie.

7. HOUER VAN SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

Innovata Pharmaceuticals (Pty) Ltd

Crownwood Office Park, Block D, Ground Floor,

100 Northern Parkway, Ormonde, Johannesburg

2091, South Africa

8. REGISTRASIENOMMER

A 27/3.1/0169

9. DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING

21 Desember 1992

10. DATUM VAN REVISIE VAN TEKS

28 April 2024